# Afdeling C

## Memorandum vir die *Piekfyn Afrikaans Leesboek*

In die Leesboek gaan leerders legendes, mites, sprokies en vertellinge beleef wat hulle op nuwe avonture gaan neem en laat regop staan. Daar is ook dramas wat hulle in groepe kan beurtlees of opvoer, gedigte wat hulle kan lees vir genot en selfs saam met hulle maats kan dramatiseer. Dalk word van hulle skrywers en gee die boek vir hulle 'n paar goeie idees vir hul eie skryfwerk!
Al hierdie lekker leeswerk gaan die leerders help om Afrikaans spoggerig en vlot te lees.






Piekfyn_HT_Gr9_OG_BOEK.indb 365 5/27/13 9:27 AM

# Volksverhale

Behandel die teorie oor volksverhale met die leerders. Verduidelik die verskillende kenmerke en verhaalelemente aan hulle.

**Die boomvrou [p. 5]**
**Moontlike antwoorde**

1. Hy het sy asem in haar neusgate geblaas en met sy vingers aan haar oë geraak.
2. Hy het vir haar 'n skortjie/fraai klere en krale/'n kopband gegee. Hy het getreur toe die jongmanne haar wegvat.
3. Hy was waarskynlik skaam en het gedink ander mense sal op hom neersien omdat hy nie 'n "gewone" vrou kon kry nie. OF Hy wou nie hê ander mense moes dit ook doen nie.
4. Die duiwe wat telkens na die vrou vlieg en die man wat treur oor die vrou.
5. Die duiwe simboliseer die dood of vernietiging in die verhaal. Nee, gewoonlik simboliseer duiwe vryheid of reinheid.
6. Nee, hy het haar lewe teruggevra omdat hy kwaad was vir die jongmanne. Hy was waarskynlik bitter en geredeneer dat as hy haar nie kan kry nie, kan niemand haar kry nie.
7. 'n Lewendige mens kan nie uit 'n boom uitgekerf word nie.
8. Derde persoon.
9. "Maar één ding het <u>hy</u> kortgekom . . . "
10. Eie gemotiveerde motivering.

**Die betowerende lied van die vreemde voël [p. 9]**
**Moontlike antwoorde**

1. Daar word keer op keer mense uitgestuur om die boom af te kap. Elke keer betower die voël se lied hulle so dat hulle nie die boom kan afkap nie.
2. Die woord "stam" verwys na 'n boom se stam sowel as na 'n volksgroep of mense van dieselfde afkoms. Só word die stam 'n simbool van iets wat bly staan, in hierdie geval die groep mense.
3. Die kinders hoor suiwer en hulle oë is helder. Hulle kan dus onderskei tussen iets wat mooi en boos is en iets wat mooi en goed is. Die voël se sang was mooi maar boos omdat dit net 'n manier was om hulle te keer om die boom af te kap.
4. Die voël het helderkleurige vere gehad en dit was baie mooi.
5. 'n Voël, hoe groot ook al, sal baie moeilik 'n skuur oopgebreek kry. Dit is onwaarskynlik dat mense so betower word deur 'n voël dat hulle hom nie sal doodmaak sodat hy nie hulle kos kan opvreet nie.
6. "Eendag" kan verwys na onlangs maar ook na baie lank terug.
7. Vals. Dit word in die derde persoon vertel. Enige sin waarin "hy", "sy" of "hulle" voorkom. Daar kom wel woorde in die tweede persoon voor - "julle" en "ons" - maar dit is deel van die karakters se dialoog, nie van die vertelteks nie.
8. Julius Olke het die verhaal opgeteken maar dit het nie by hom ontstaan nie. Dit het waarskynlik in Tanzanië ontstaan.



Piekfyn_HT_Gr9_OG_BOEK.indb 366 5/27/13 9:27 AM

9. Die basiese verhaallyn is soos volg:
   - 'n Reusevoël beroof 'n dorpie se inwoners van hulle voorrade.
   - Die hoofman stuur eers die mans om die boom waarin die voël woon te gaan afkap, maar hulle word so betower deur die voël se sang en sy helderkleurige vlerke dat hulle lam word en nie die boom kan afkap nie.
   - Daarna stuur die hoofman die jong mense om die boom te gaan afkap, maar hulle word ook so betower deur die voël se sang en sy helderkleurige vlerke dat hulle lam word en nie die boom kan afkap nie.
   - Daarna stuur die hoofman die kinders om die boom te gaan afkap. Hulle laat hulle nie betower nie en kap die boom af.
   - Die hoofman is nou tevrede en hy prys die kinders omdat hulle hul nie laat betower het nie.
10. Enige twee sinne wat goed gemotiveer is.

**Natiki [p. 13]**
**Moontlike antwoorde**

1. In die eerste paragraaf word na die Kalahari verwys en dit is 'n semiwoestyngebied en grasveld. Die woord "kalahari" beteken "dorsland", en is waarskynlik van Nama- of Tswana-oorsprong.
2. Die heldefiguur in die verhaal is 'n jagter. Haar geluk word daaraan gemeet dat sy altyd vleis in haar potte het.
3. Enige drie sinne wat nie 'n herskrywing van die verhaal se woorde is nie maar waarin ten minste drie van die volgende woorde voorkom: vet, koper, kriebossie, fyn geel houtbas, kraletjies, volstruiseierdop, stringe, gedroogde springbokoortjies, sade, bene.
4. Sy het ystervarkpenne in die grond gekap om haar pad terug te kry. Die jong jagter het saam met haar geloop.
5. Natiki se ma en susters en die ander vroue vra hulle af wie hierdie mooi meisie is wat sonder 'n maat by die dans aangekom het.
6. Wanneer mens uitval, beteken dit ook jy maak jou los van 'n ry of 'n groep. Tradisioneel het mense nie in pare gedans nie maar in groepe. Jy val dan uit as jy jou losmaak van die groep.
7. Die Namas was tradisioneel bekend daarvoor dat hulle volksverhale om die vuur vertel.
8. Wanneer iemand jou sleg behandel, sal daar altyd iemand wees wat jou goed behandel en vir jou omgee. Dit help nie om iemand op wie jy jaloers is, sleg te behandel nie want iemand anders sal dink daardie persoon is goed en mooi.
9. Enige van die volgende: Dit bevat goeie karakters (Natiki en die jong jagter) en slegte karakters (Natiki se ma en susters) en Natiki is hulle onskuldige slagoffer. Die verhaal is nie baie spannend nie omdat Natiki se probleem gou opgelos word. Dit word in die derde persoon vertel.
10. Die basiese storielyn is soos volg:

- Natiki se ma en suster behandel haar sleg deur haar al die werk te laat doen en sy word verbied om die dansparty by te woon.
- Natiki maak haar in die geheim mooi en gaan woon die dansparty by.
- Sy neem ystervarkpenne saam wat sy langs die pad inkap sodat sy nie op pad terug verdwaal nie.
- Niemand herken haar by die dans nie.
- 'n Jong jagter sien haar raak en stap saam met haar huis toe.



Piekfyn_HT_Gr9_OG_BOEK.indb 367 5/27/13 9:27 AM

- Sy vertel hom hoe sleg sy tuis behandel word.
- Hy besluit om haar weg te neem en haar ma sê hy sal nog sien hoe sleg sy is.
- Maar hy neem haar weg en hy en Natiki is vir altyd gelukkig.

**Die wolkprinses [p. 17]**
**Moontlike antwoorde**

1. Sy het eers as 'n voël verskyn. Toe die haas die voël vang en haar lang swart stertveer uitpluk, het sy in 'n pragtige meisie verander.
2. Nee, die houtkapper is 'n vroulike voël want sy kap met haar snawel, nie met 'n byl nie.
3. Die wolkekoning het planne beraam om die prins dood te maak. Maar hy het net homself leed aangedoen want sy dogter is saam met die prins weg, wat nie die geval sou wees as hy hulle huwelik aanvaar het nie.
4. Die haas se voëlverskrikker is die swart towerveer wat hy op sy dak sit.
5. "Praatjies" verwys minagtend na iets wat iemand sê. 'n "Voorstel" of 'n "versoek" is iets wat met respek bejeën word.
6. Nee, dit word in die derde persoon vertel. Die "ek" kom in die prins se gedagtegang voor, wat nie van die verhaal 'n vertelling in die eerste persoon maak nie.
7. Nee, hulle wil nie eer aan hom bring nie. "Ter ere" verwys wel na eer bring aan iemand maar in hierdie verhaal is dit 'n agterbakse manier om te sê ons sal dit laat lyk asof ons daarmee eer aan hom bring.
8. Die verhaal het in die Swazi-kultuur ontstaan en ons weet nie wie die verhaal eerste vertel het nie want dit is 'n volksverhaal. Phyllis Savory het dit oorvertel deur dit in haar eie woorde en met aanpassings te vertel.
9. Enige twee van die volgende: Dit bevat die lewensles wat in antwoord 3 bespreek is. Dit is 'n baie ou verhaal, soos in antwoord 8 bespreek. In die werklike lewe is dit nie moontlik dat 'n voël en 'n haas in 'n mens kan verander nie, woon daar nie mense in die wolke nie, kan mens nie met towermiddels teen pyle beskerm word nie, kan 'n veer nie in 'n boom verander nie, kan 'n houtkapper (die voëlsoort) nie 'n rots stukkend kap nie en diere nie praat nie. Die onskuldige karakter (die prins) word deur die slegte karakter (die koning) bedreig en is so byna 'n onskuldige slagoffer. Die koning se planne om die prins dood te maak word herhaal. 'n Effens anderse weergawe van die verhaal word waarskynlik in Swazi vertel. Dit is redelik spannend maar omdat daar towermiddels gebruik word, is die leser redelik seker die spanning sal gou opgelos word. Dit word in die derde persoon vertel.
10. Enige twee verblydende of bose dinge wat goed gemotiveer word deur die leerder.

**In die begin [p. 25]**
**Moontlike antwoorde**

1. Die woord word gebruik wanneer die karakters verbaas is en "dom bly" oor wat hulle sien.
2. Die jagter kan sien sy lyk soos 'n mens omdat sy op twee bene loop. Sy bly op een plek soos 'n mens.
3. Nee, dit is 'n uitroep van bevestiging, soortgelyk aan die Afrikaanse woord "jinne" of "hene".


Piekfyn_HT_Gr9_OG_BOEK.indb 368 5/27/13 9:27 AM

4. Die verteller gebruik dit om 'n gesellige vertelatmosfeer te skep, want dit word telkens in 'n konteks gebruik waarin dit te kenne gee "dinge is goed so".
5. Die frase "net so", die redes waarom die vrou nie 'n dier kan wees nie, die woord "jonna", die vrou doen telkens iets wat die man laat besef sy is slim, die woord "jwalo", die wind se geluid.
6. Enige van die volgende drie: Dit verklaar hoe en hoekom die mens begin vleis braai het, potte bak het, potte op die kop begin dra het, klere begin dra het, as man en vrou saam begin leef het, mandjies leer maak en vleis leer droogmaak het om te bewaar, water na die woonplek toe aan te dra sodat daar nie elke dag water gehaal hoef te word nie, leer sing het deur die wind na te maak.
7. Enige drie van die volgende: Die man respekteer die feit dat die vrou slim planne maak om kos en water te spaar en werk te verminder. Die man sorg vir die vrou deur vir haar vleis te bring. Die vrou sorg vir die man deur vir hom vleis gaar te maak en vir hom potte en mandjies te maak en vir hom te sing. Sy maak hom gelukkig en leer hom lag.
8. Nee, dit bevat nie baie spanning nie omdat dit redelik voorspelbaar 'n verhaal is oor hoe 'n man en vrou mekaar gevind het en gelukkig saamleef.
9. Die man en vrou is ewe slim. Die man het in die veld leer oorleef en die vrou het vir hulle 'n huishouding geskep.
10. Enige van die volgende: Die verhaal word al generasies lank vertel want dit kom uit die Sotho-kultuur en is nou reeds in Afrikaans te lees. Dit gaan oor iets wat lank gelede gebeur het, "in die begin", voor die verhouding tussen man en vrou gewerk het soos nou. In Sotho word die verhaal waarskynlik effens anders vertel. Dit word in die derde persoon vertel.

**Die boomkinders [p. 32]**
**Moontlike antwoorde**

1. Seuns.
2. Die vrou noem die kinders "boomkinders" omdat hulle uit 'n boom en nie uit 'n mens nie ontstaan het.
3. Enige van die volgende: Ons weet hierdie verhaal speel in Afrika af omdat die huise met beesmis, modder en gras waterdig gemaak word. Die medisyneman is tradisioneel 'n figuur uit Afrika. Pap, dikmelk in 'n kalbas, kralewerk en wildevybome is ook eie aan Afrika. Al hierdie kenmerke kom egter ook nog in ander lande voor. Die verhaal is dus heel waarskynlik 'n Afrikaverhaal.
4. Die lewensles in hierdie verhaal is dat mens nie iets beledigends moet sê wanneer jy kwaad is nie want jy kan ander mense daardeur so seermaak dat jy dit nooit weer kan regmaak nie.
5. Dit is nie in die werklike lewe moontlik dat wildevye mense kan word nie. Vye kan mens nie verwytend aanstaar nie.
6. Die vrou wil net kinders hê sodat hulle haar met al haar werk kan help, nie omdat sy kinders liefhet nie. Sy is nie versigtig met wat sy sê wanneer sy kwaad is nie. Sy hou van kuier terwyl haar kinders werk.
7. Die krale word 'n simbool van al die kinders wat sy wil hê.
8. Die vye simboliseer verwytende kindergesigte.
9. Ja, die vrou het indirek ook die medisyneman beledig toe sy die kinders "boomkinders" genoem het. Die medisyneman het immers vir haar hierdie kinders moontlik gemaak want hy het vir haar gesê hoe om van wildevye kinders te maak.



Piekfyn_HT_Gr9_OG_BOEK.indb 369 5/27/13 9:27 AM

10. Die basiese verhaallyn is soos volg:
- 'n Kinderlose vrou tel haar krale en begeer kinders.
- Sy gaan vra by die medisyneman raad en hy sê vir haar sy moet 'n bak vol wildevye pluk, dit in haar huis laat en later terugkom.
- Toe sy terugkom, het die vye kinders geword.
- Die kinders doen elke dag al die werk wat sy vroeër alleen moes doen.
- Maar eendag kom sy tuis en die kinders het nie hulle werk gedoen nie.
- Die vrou is so kwaad dat sy vir hulle sê mens kan sien hulle is boomkinders.
- Dit maak die kinders baie seer en hulle word doodstil.
- Toe die vrou weer by die medisyneman gaan raad vra, sê hy hy kan haar nie help nie want sy het die kinders beledig.
- Die vrou gaan soek na die kinders by die vyeboom maar al die vye kry oë wat haar verwytend aanstaar.

**Die houtkapper [p. 36]**
**Moontlike antwoorde**

1. Ja, hy is 'n natuurliefhebber want die reuseboom was vir hom so mooi dat dit koninklik vir hom lyk. Hy het met die bome en bokke gepraat. Hy het gemeen die bome hoor hom praat en die diere was vir hom soos vriende. Dit was vir hom baie moeilik om die reuseboom af te kap omdat dit vir hom geklink het asof die boom kreun.
2. Dit het hom 'n paar dae se kap gevat voor die boom begin kantel het.
3. Enige twee van die volgende: Dit was asof die boom sy bas met opset dikker gemaak het. Hy moes dae kap voor die boom begin kantel het. Dit was vir hom die mooiste boom in die woud. Omdat dit geklink het asof die boom kreun van pyn, het dit die houtkapper se taak nog moeiliker gemaak.
4. Enige drie van die volgende: Daar was ewe skielik meer lig in die bos want die son het vir die eerste keer in honderde jare geskyn waar die boom gestaan het. Dit het doodstil geword. Selfs die voëls het ophou sing. Dit was asof die bos nie meer asemhaal nie, so stil was dit. Daar was iets eienaardigs tussen die boom se wortels.
5. Enige twee van die volgende: Die boom kreun van pyn soos 'n mens sal kreun en die boom het uit die grond geskeur asof dit 'n wil van sy eie het. Die boom het koninklike eienskappe. Die bokkie neem die menslike eienskap van onskuld aan. As diere die vermoë het om skuld of onskuld te ervaar, weet ons nie of dit ooreenstem met die manier waarop mense dit ervaar nie.
6. Die boom neem menslike eienskappe aan omdat dit koninklik lyk en soos 'n mens kreun. Die bokkie neem die menslike eienskap van onskuld aan. Die kis tussen die wortels kan ook as toweragtig beskou word omdat só 'n kis dikwels in towerverhale voorkom. Maar dit is moontlik dat iemand die kis onder die boom begrawe het toe die boom nog jonk was en dat sy wortels rondom dit gegroei het.
7. Juwele soos dié in die kis word in die moderne lewe in kluise bewaar. Die frase "in daardie dae" verwys ook na iets wat lank gelede gebeur het. In die moderne lewe word bome hoofsaaklik met elektriese apparaat afgesaag.
8. Skatte wat mens ryk kan maak, kan jou ook 'n aaklige mens maak wat so gierig is dat jy sal moor om die skatte te behou.
9. Dit word in die derde persoon vertel omdat daar na die houtkapper as "hy" en "hom" verwys word. Wanneer daar na "ek" verwys word, is dit deel van die houtkapper se gedagtegang en nie deel van die verteller se woorde nie.



Piekfyn_HT_Gr9_OG_BOEK.indb 370 5/27/13 9:27 AM

10. Belcampo is die skrywer. Die verhaal is vir hierdie boek in Afrikaans vertel en gebaseer op Belcampo se Nederlandse verhaal. Hoewel elemente van 'n ouer wêreld daarin voorkom, het Belcampo die verhaal geskep. Dit is dus nie 'n oorvertelling van 'n verhaal wat lank reeds in die volksmond vertel word (soos byvoorbeeld die Grimm-Broers en Hans Christian Andersen se volksverhale nie) nie. Belcampo het 'n voorliefde vir die fantastiese gehad en dit kom dikwels in sy verhale voor . "Die houtkapper" dien dan as 'n voorbeeld van 'n verhaal wat heelwat elemente van 'n volksverhaal bevat, maar dit nie is nie omdat dit tot een skrywer teruggevoer kan word. Kyk na die webtuiste http://www.schrijversinfo.nl/belcampo.html.

**Melina sing 'n noot [p. 40]**
**Moontlike antwoorde**
1. Die koninkryk se naam is Fludwanga.
2. Die stad se naam is Baraknalla.
3. Dit is nie moontlik om te sê waar die koninkryk lê nie want al wat die leser van die ligging lees, is dat dit "iewers tussen oos en wes, iewers tussen hoog en laag, iewers tussen vandag en lank gelede" lê.
4. Melina was anders as ander molle omdat sy soos 'n verfynde en vername vrou gelyk en opgetree het. Sy het altyd boetiektabberds gedra. Haar woning was weelderig en sy het dit versier met mooi goed wat sy bymekaargemaak het.
5. Melina se droom was om eendag soos 'n operasangeres op 'n verhoog te sing.
6. Melina hou van die fyner dinge in die lewe omdat sy mooi goed bymekaarmaak. Sy streef daarna om mooi te lyk omdat sy mooi aantrek. Sy het deursettingsvermoë omdat sy aanhou oefen al weet sy nie of haar droom bewaarheid gaan word nie.
7. Die lewensles in hierdie verhaal is dat mens jou droom moet nastreef en daarvoor moet werk al lyk dit onmoontlik om dit te bewaarheid. Dié les is sterker as die les wat in die slotparagraaf in die eerste persoon oorgedra word.
8. Nataniël.
9. Enige vier van die volgende: Daar is koerante, teaters met kolligte, elektriese kabels en rioolpype. (Dit is alles dinge wat vir die laaste honderd tot honderd en vyftig jaar bestaan.)
10. "En dit, liewe jong vriend, is vir <u>ons</u> almal 'n les." Dit is dus nie 'n volksverhaal nie want volksverhale word in die derde persoon vertel en hierdie verhaal kan aan een skrywer gekoppel word, dit is nie 'n ou verhaal wat al generasies lank oorvertel word nie.

# Kortverhale

Behandel die teorie oor kortverhale met die leerders. Verduidelik die verskillende kenmerke en verhaalelemente aan hulle.

**Gewortel in 'n ander land [p. 46]**
**Moontlike antwoorde**
1. Dit "anker" die kortverhaal en tree in gesprek met die ander teks. Dit skep ook die konteks/"atmosfeer" vir die leuens wat die oupa vertel.



Piekfyn_HT_Gr9_OG_BOEK.indb 371 5/27/13 9:27 AM

2. Ja, dit maak dit meer persoonlik en het meer trefkrag.
3. Hy ontken alle betrokkenheid by Steve Biko se marteling/aanranding/dood.
4. Sy eie taal, Afrikaans, word deur baie (swartes) as die taal van die onderdrukker gesien.
5. Hy sê hy het dit vir sy land en vir sy familie se welstand en veiligheid gedoen. Eie motivering.
6. Hy/sy besef sy oupa jok en sê Steve Biko is dood toe hy 'n kopbesering opgedoen het in 'n bakleiery met 'n polisieman.
7. As 'n mens die waarheid praat, voel jy vry. Jy is nie gebind aan die verlede nie en voel gerus dat die swaar gewig van jou skouers af is.
8. Die oupa se manier van dink is nog volgens die apartheidsregering s'n ("gewortel"), met ander woorde hoe die land toe was. Hy is vasgevang in daardie ou denke.
9. Eie gemotiveerde respons.

**Vlinderslag [p. 50]**
**Moontlike antwoorde**
1. 'n Anonieme derdepersoonsverteller.
2. Azelle. Sy is 'n goeie swemmer en haar kêrel, Dewald, het hulle verhouding beëindig.
3. Sy dink aan haar kêrel, Dewald, wat met haar opgebreek het.
4. Daar is konflik tussen Azelle en haar kêrel, Dewald.
5. Dit trek haar aandag af van haar pyn en laat haar op iets anders fokus.

**Rooikoos Willemse is soek [p. 53]**
**Moontlike antwoorde**
1. Hy het te veel gedrink.
2. Sy baard is afgeskeer en hy het in 'n hotel op Barrydale wakker geword.
3. Dis naby aan die rugbywedstryd op die dorp en hy het kos daar gekry.
4. Hulle wou hom terugkry omdat hy veroorsaak het dat Barrydale die wedstryd verloor het.
5. Wie: Die Barrydalers vat vir Rooikoos
   Wat: en skeer sy baard of en kleur sy hare swart
   Waar: in sy dorp en neem hom na Barrydale
   Wanneer: die aand na die wedstryd
   Hoe: in 'n kar
   Hoekom: omdat hy veroorsaak het dat hulle die wedstryd verloor het.
6. Hy het gedink dis sy eie hotelkamer op sy dorp, maar toe gedog hy is dalk nie Rooikoos nie, maar iemand anders!
7. Hy het nie die kelner herken nie.
8. Humoristies.
9. Leerders se eie gemotiveerde antwoorde.

**Die engelman [p. 61]**
**Moontlike antwoorde**
1. Hy voel terneergedruk en melancholies omdat hy sy meisie in Suid-Afrika mis terwyl hy in Engeland is.
2. Hy het vir 'n jaar oorsee gegaan om geld te spaar om te studeer en bestuur taxi's om die geld te verdien. Hy hardloop ook agter Silina aan om vir haar die brief op die laaste oomblik te gee voor sy op die boot klim.
3. Chris se terneergedrukte gemoed.



Piekfyn_HT_Gr9_OG_BOEK.indb 372 5/27/13 9:27 AM

4. Chris se ma en pa se denke is baie konserwatief en eng. Hulle sou waarskynlik gekla het dat die meisie vloek ("bliksem") en dat sy van die Bo-Kaap kom.
5. Dit gaan sy pa beter laat voel oor haar en 'n moontlike verhouding makliker goedkeur.
6. Chris is die "engelman" in die verhaal en dit sinspeel op Engelsman ('n inwoner van Engeland). Silina beskou hom as 'n engel omdat hy sy bes probeer om hulle betyds by die boot te kry, omdat hy so gaaf en aangenaam is en omdat hy so aantreklik soos 'n engel is.
7. Toe hy Engeland toe getrek het om te kom werk sodat hy grootliks vir sy eie studies kan betaal.
8. Hulle sal neerkyk op Silina wat vloek en hulle dink 'n mens gaan net kroeg toe as jy wil dronk word.
9. Gemotiveerde respons van leerders.

**Ek is jammer [p. 70]**
**Moontlike antwoorde**

1. Enige van hierdie antwoorde: Hulle sit gebukkend en koponderstebo by die graf./Maak nie hulle boonste hempsknope los in die hitte nie./Hulle sug./Hulle steur hulle nie aan die gedreun of enigiets rondom hulle nie.
2. Sy nuwe "blyplek", oftewel sy graf.
3. Hy het eenkeer 'n ondervinding gehad waar hy Tik gebruik het en na predikante op televisie gekyk het wat geargumenteer het of mense met die dooies kan kommunikeer.
4. Hy het stokkiesgedraai.
5. Charlie is jammer dat hy die dwelms aan Dingo gegee het en Mike is jammer dat hy Dingo net so in die straat gelos het tot die volgende oggend.
6. Hy voel skuldig omdat hy Dingo in die straat gelos het en het skuldgevoelens daaroor waarvan hy ontslae wil raak.
7. Hy voel skuldig omdat die hele gemeenskap dink Charlie is die sondaar en hom verwerp het, terwyl Mike net soveel skuld het.
8. Eie gemotiveerde respons van leerders. Moenie dwelms gebruik nie./ Skuldgevoelens kan jou opkeil.
9. Leerders se eie gemotiveerde antwoorde.
10. Dwelmmisbruik.
11. 'n Klimaks. Dit bou op tot die oomblik waar Mike skuld erken en "bieg" oor wat hy gedoen het.

**My broer se kraai [p. 77]**
**Moontlike antwoorde**

1. a) Sy snawel/sy vlerke.
   b) Dis dele waarmee hy "vryheid" het; hy vlieg weg met sy vlerke en maak geluide met sy mond (gee uiting aan homself).
2. Hy wou die kraai heeltyd by hom gehad het en was bang as hy die kraai loslaat, gaan hy hom vir altyd verloor. Hy was bang dat die kraai hom nie liefhet nie en nie by hom wil bly nie.
3. Hy het besef die kraai wil nie daar bly nie/is nie gelukkig nie/dat hy hom sal moet laat gaan.
4. Die seun het hom vir so lank gevange gehou, hy kon nie glo toe hy vrygelaat word nie en het gewonder wat die seun gaan doen om hom vas te hou. Dit was te goed om waar te wees.


Piekfyn_HT_Gr9_OG_BOEK.indb 373 5/27/13 9:27 AM

5. Dis as iets in die ergste graad is of as iets baie erger is as wat dit voorheen was. In hierdie geval was die stilte en die gevoel van die afwesigheid van die kraai baie erger as vroeër.
6. Hy is verbaas en kan nie glo die kraai het teruggekom nie./Hy besef die kraai is nou werklik syne.
7. Hy was honger en het geweet hy gaan kos kry as hy teruggaan.
8. As jy iets werklik liefhet, moet jy dit vrylaat en as dit terugkom, is dit werklik joune.
9. Pre-elektrisiteit. Daar is 'n stoofyster en hulle moet vuur maak.
10. Leerders se eie gemotiveerde response.

**Die (polities korrekte, omgewingsvriendelike, groener-as-groen) paddaprins [p. 83]**
**Moontlike antwoorde**
1. Die titel is baie lank./Die frase "toe jong meisies al sinies ... " is nie iets wat 'n tradisionele sprokie gebruik sal word nie.
2. Konings is nie meer volop in die hedendaagse tye nie; moderne mense behoort dus nie meer tot koningsgesinne nie, maar om uit 'n ryk familie te kom, is die naaste wat sy aan 'n koninklike kom.
3. Sy is baie ontsteld oor haar duur horlosie, selfoon en haar Walkman wat in die water geval het.
4. Die padda verander nie in 'n aantreklike prins nie soos dit gewoonlik in sprokies gebeur nie, maar sy verander in 'n padda.
5. a) Sy is nie baie intelligent nie.
   b) 'n Veralgemening. Dis nie 'n feit dat alles prinsesse dom is nie. Daar is geen bewyse daarvoor nie.
6. Sy word meer simpatiek en begin omgee oor die omgewing. Sy sien nie die padda se "lelike" voorkoms raak nie en kyk anders na hom. Sy fel dus nie meer so gou 'n oordeel nie.
7. ... in 'n padda verander het.
8. Leerders se eie gemotiveerde response.

**Vrees [p. 88]**
**Moontlike antwoorde**
1. Hulle gaan piekniek hou in die veld.
2. Hy moet voor die 20ste besluit of hy die werk op die teelplaas gaan aanvaar – dit sal sy pa finansieel kan help, maar hy is bang vir bulle.
3. Sy vrees vir bulle.
4. Sy pa het verloof geraak aan 'n letterkundige en hulle het besluit om 'n nuwe begin in Suid-Afrika te maak.
5. Hy trek die bul se aandag af en sê vir Helena om na veiligheid te hardloop.
6. Leerders se eie gemotiveerde antwoord.
7. Ja, hy besluit om die werk op die teelplaas te aanvaar, waar daar ook bulle gaan wees.
8. Hy moes besluit of hy die werk gaan aanvaar of nie.
9. Hy weet hy het sy vrees oorkom deur die bul in die veld te oorwin, en sien nou kans om die werk op die teelplaas te aanvaar.



Piekfyn_HT_Gr9_OG_BOEK.indb 374 5/27/13 9:27 AM

# Gedigte

**Ek wil [p.108]**
**Moontlike antwoorde**

1. Sy is so verlief dat alles om haar onwerklik voel, sy wil hê die tyd moet stilstaan.
2. Sy wil hê hulle liefde moet sterk genoeg wees om vrede te bring waar daar geweld is.
3. Nee, sy bedoel daarmee sy is in die hemel van geluk en liefde.
4. "sodat ek die ma<u>n</u> in die maa<u>n</u> ka<u>n</u> gaa<u>n</u> high-five"
5. Die spreker wil 'n drankie (Red Bull) drink en dit moet haar so baie energie gee dat sy kan spring of vlieg tot in die maan waar sy die man op die maan kan gaan high-five (haar handpalm hoog in die lug teen sy handpalm klap).
6. Dit sluit aan by die einde van geweld en die begin van harmonie en vrede waaroor hierdie versreëls gaan.
7. Wanneer iemand mens styf vashou, is jy nie vry nie want jou beweegruimte word beperk. Maar daarmee wil sy sê die liefde maak mens emosioneel vry.
8. Die spreker is vasberade: Sy meen deur aanhoudend te sê "ek wil", sal haar wens waar word. Die spreker spreek 'n dringende behoefte uit en sy meen deur dit te herhaal sal dit bevredig word. Die spreker wil met liefde die hele wêreld regmaak want sy begeer onmoontlike dinge soos dat geweld beëindig moet word, dat sy op die maan kan loop, dat sy hemel toe kan gaan en die geliefde aan God voorstel.
9. Dit kan as 'n liefdesgedig geïnterpreteer word omdat die spreker vertel hoe gelukkig sy is oor die geliefde. Dit kan egter ook beskou word as 'n gedig wat met liefde onmoontlike dinge wil regkry (strofes 2, 3 en 4).

**Die elwekoning [p. 111]**
**Moontlike antwoorde**

1. Die kenmerke van 'n ballade:
   a) Daar is kontras tussen haat en liefde, die goeie karakter en die skurk. Die Elwekoning steel in werklikheid die seuntjie wat die vader so liefhet. Die Elwekoning beloof die seuntjie wonderlike dinge maar wat eintlik gebeur, is dat hy die seuntjie vir die dood kom haal. Uiteindelik sê hy vir die seuntjie as hy nie vrywillig kom nie, gebruik hy geweld om hom te kom haal.
   b) Dinge wat oor 'n lang tydperk plaasgevind het, gebeur vinnig ná mekaar. Dit is nie 'n kenmerk van hierdie gedig nie want die gedig duur net so lank soos 'n rit na die vader se plaas.
   c) Dit bevat 'n refrein. Nee, die gedig bevat nie 'n refrein nie, elke strofe verskil. Of: Ja, die volgende versreëls kan as 'n refrein beskou word wat telkens anders gestel word: "Sien Vader die Elwekoning dan nie?", "My Vader, kan Vader dan glad nie gewaar".
   d) Dit bevat vrae. Ja, die gedig bevat talle vrae.
   e) Dit bevat ouderwetse woorde. Die volgende outydse woorde word gebruik: "Vader" (pa), "knapie" (seuntjie), "berg" (verberg), "kleed" (kledingstuk), "bemin" (liefhê).
   f) Dit is gewoonlik tragies. Hierdie gedig is tragies omdat die seuntjie in sy pa se arms sterf.
   g) Dit is ritmies, dit sal dus ideaal wees om te sing. Die aantal lettergrepe in elke versreël is 'n gelyke getal, wat dit leen tot die tweeslagmaat.


Piekfyn_HT_Gr9_OG_BOEK.indb 376 5/27/13 9:27 AM

h) Dit bevat heelwat herhaling van 'n gebeurtenis, 'n frase, of 'n woord. Die seuntjie vra telkens vir sy pa of hy dan nie hoor wat die Elwekoning hom belowe nie en of die pa dan nie die Elwekoning sien nie. Die pa antwoord telkens die seuntjie om hom gerus te stel. Die Elwekoning maak telkens beloftes en vra die seuntjie om saam met hom te kom. Dit bevat vrae wat telkens herhaal word in 'n ander vorm.
i) Daar heers 'n angstige atmosfeer. Die seuntjie is later in die gedig bang en uiteindelik sterf hy.

2. Die Elwekoning simboliseer die dood want wanneer hy die seuntjie uiteindelik met geweld kom haal, sterf die seuntjie. Dit is nie hoe ons elwe in sprokies ken nie. In sprokies is hulle vriendelik, humoristies en doen goeie dade. Al wat ooreenstem met elwe in sprokies is dat laasgenoemde ook oor towerkrag beskik.

**Sewe reaksies op 'n seemeeu-geraamte [p. 115]**
**Moontlike antwoorde**

1. Wat sal jy doen as daar skielik op die strand 'n seemeeugeraamte voor jou lê in die sand?
2. Byvoorbeeld: Jy kan die skelet bestudeer en 'n stukkie afbreek as 'n gelukbringer. Of jy kan die seemeeu begrawe. Anders kan jy die geraamte net daar los en iets (waarskynlik 'n gedig) in die sand daaroor gaan skryf.
3. Hy nommer elke strofe waarin hy beskryf wat mens met die geraamte kan doen. Elke strofe verduidelik 'n ander reaksie.
4. In strofes 2, 3, 4, 5 (onthou, die eerste strofe is nie deur die spreker genommer nie. Jou nommer sal dus een meer as sy nommers wees.) Hierin gebruik hy wetenskaplike terminologie, hy bereken en gee formules.
5. In strofes 6, 7, 8. Hierin konsentreer hy op emosie soos die bygeloof dat 'n gelukbringer mens kan help, op die eerbiedsbetoning van iets begrawe en op die gevoel wat saam met 'n gedig gaan wanneer hy voorstel mens moet iets daaroor gaan skryf.
6. Nee, hy kom toevallig (en denkbeeldig) daarop af; die woord "skielik" impliseer hy het dit nie verwag nie.
7. Die skelet word vergelyk met 'n masjien. Hierdie masjien kan werk maar dit is nou stil.
8. Dit is 'n sirkelgang – die seemeeu het skulpdiere geëet en nou eet hulle hom.
9. Die voël kon nie eens homself beskerm nie, hy sal nie 'n goeie gelukbringer maak nie. Die spreker stel later voor dat jy hierdie amulet "dankbaar" in die see sal gooi, jy sal dus bly wees om daarvan ontslae te raak.
10. Die wit geraamte is 'n teken dat die voël dood is. Maar die dood "sit" asof dit iets lewends is. Wanneer iets in 'n lyf sit, word indruk geskep dat dit lewend is.

**Die nuwe kind [p. 118]**
**Moontlike antwoorde**

1. Nee, die kinders staar hom aan (versreël 1) en hulle beskou hulle onderwyser as "óns meneer" (versreël 3), bedoelende dit kan nie sy meneer ook wees nie. Hulle beskou ook die skooldrag as net hulle s'n (versreël 3). As hulle hom geesdriftig verwelkom het, sou hy nie pouses eenkant en alleen onder 'n boom gaan sit het nie.
2. Hy knik "bedees" en "skaam" en hy gaan sit altyd alleen. Maar hy het ook selfvertroue want hy sê hy is 'n koningskind. Hy kan egter goed teken en hy is 'n dromer.



Piekfyn_HT_Gr9_OG_BOEK.indb 377 5/27/13 9:27 AM

3. Dit maak hom juis soos die ander kinders en dit skep dan ironie omdat die ander kinders hom nie as een van hulle beskou nie.
4. Ons kan dit nie uit die gedig aflei nie. Belangriker is die simboliek van sy koninklikheid wat daarin lê dat hy 'n ryk kulturele erfenis het waarvan die kinders in die klas nie bewus is nie. "Koningskind" kan ook beskou word as "kind van God" en al die kinders is kinders van God; daarom is dit des te meer ironies dat hulle hom nie as een van hulle beskou nie.
5. Nee, mens behoort die gedig te interpreteer op grond van al die verskuilde betekenis wat in 'n gedig lê; dit is juis die kuns van poësie: om met min woorde baie te sê. Dit is egter nie verbode om – nadat jy die gedig interpreteer het – met die digter daaroor te gesels en vrae te vra nie. Interessantheidshalwe, die digter het per Facebook op doktor Jeanette Ferreira se navraag geantwoord die gedig gaan nie oor 'n kind wat hy ken nie en hy het die naam en van doelbewus gekies om 'n kulturele agtergrond op te roep. Hy skryf ook: "'Koningskind' maak ook sekere religieuse interpretasiemoontlikhede oop. Ten spyte van fisiese verskille, is ons almal kinders van dieselfde God."
6. Hy droom van 'n toekoms waarin hy geleerdheid sal hê en dalk 'n kunstenaar sal word. Hy droom dalk ook oor 'n toekoms waarin mense van alle rasse mekaar sal aanvaar as broers en suster.
7. In versreël 1 is "pen" 'n werkwoord, dit beteken hulle nael hom met hulle oë vas. In versreël 13 is "pen" 'n selfstandige naamwoord. Die pen word in versreël 13 ook 'n simbool van 'n skip se mas waarmee hy die toekoms in kan vaar; dit is dus 'n positiewe element in versreël 13 terwyl dit in versreël 1 'n negatiewe element is.
8. Hy teken prentjies van 'n skip wat 'n simbool word van hoe hy die toekoms in sal vaar en hopelik hoe van rassediskriminasie sal wegvaar.
9. Nee, hy praat nie regtig met hom nie. Die spreker is een van die kinders in die klas en hy praat oor hom. Let wel, Pieter Strauss is nie die spreker nie maar die digter.

**Tekkel hom! [p. 121]**
**Moontlike antwoorde**

1. 'n Pa met 'n rooi gesig, 'n nors oom in die koelte, 'n onvriendelike ma wat haar kind op haar heup vashou, 'n oorgewig afrigter wat die fluitjie om sy nek gehang het, 'n skraal oupa wat 'n kierie vashou, 'n slanke vrou wat 'n dik ketting om haar nek dra, 'n oom met 'n groot maag en 'n tatoeëermerk hoog op sy arm.
2. Die vet afrigter kan self nie hardloop nie want sulke mense beweeg moeilik. Die maer oupa loop met 'n kierie, dus kan hy self nie opstaan nie.
3. Die rugbyspelers. Rugbyspelers doen 'n Haka, 'n oorlogsdans wat met 'n kreet gepaardgaan, voor hulle speel. In hierdie geval vind die Haka simbolies plaas, in hulle harte.
4. In die strofes waarin die simboliese Haka voorkom, is die versreëls ingekeep. Dit boots na wat die spelers in hulle harte dink, naamlik moenie aan ons vat nie bly weg van ons af soos hierdie versreëls van die kantlyn af wegbly. Op 'n rugbyveld is ook 'n kantlyn, dus verkry dit letterlike en figuurlike betekenis.
5. Al die kommentaar is bevelsinne (versreëls 1, 3, 5, 14, 22); versreël 20 is 'n sarkastiese vraag, en versreëls 12 is 'n stelsin.
6. Nee, die spelers waardeer dit nie want hulle voel die grootmense het reeds hulle beurt gehad en hulle beveel, vra en maak opmerkings wat nie


Piekfyn_HT_Gr9_OG_BOEK.indb 378 5/27/13 9:27 AM

**Kleurblind [p. 98]**
**Moontlike antwoorde**

1. Hy voel afgeskeep en moedeloos dat sy pa nie na hom luister of sy volle aandag vir hom gee nie.
2. Hy wil vir sy pa vertel hy het 'n bruin vriend.
3. Die spreker wil sê dis nie net 'n fase waardeur hy gaan nie of dat dit iets verbygaande is nie.
4. Hy wil nie hê sy seun moet naby Kromberg, die sogenaamde bruin-woonbuurt, gaan nie en is self bang vir die "Johnboy-bende en die skelms". Hy stereotipeer beslis en glo bruin mense is outomaties gevaarlik en is skelms.
5. Die pa sien die seun raak, maar stel nie regtig belang in wat hy sê nie; die seun wonder of sy pa nie maar net outomaties deur die lewe gaan nie.
6. Die verteller se ma is dood terwyl hy in die koshuis was. Die seun en pa rou waarskynlik elkeen op hulle eie manier.
7. Dit voel vir hom soos sy eie huis – hier word hy raakgesien en hulle luister na hom.
8. a) Sy pa het hom koshuis toe gestuur./Sy ma is intussen oorlede./'n Draad is tussen die dorp en Kromberg gespan.
   b) Hy is gefrustreerd omdat hy sy vriend so lanklaas gesien het en dink hy het hom heeltemal afgeskryf./Hy is gefrustreerd oor die omstandighede wat verhoed het dat hulle mekaar vir al die tyd nie gesien het nie.
9. Leerderrespons.

**Wurgslang [p. 103]**
**Moontlike antwoorde**

1. Hulle het 'n baie slegte verhouding gehad omdat sy hom verwens en gesê het hy is nou in die hel waar hy hoort.
2. a) Die probleme van die lewe soos kanker, die pa wat doodgaan, die probleme van die universiteit.
   b) Eie gemotiveerde antwoord. Hierdie insekte eet net uitskeiding. Hy voel dat hy net die uitskeiding van die lewe moet "eet".
3. Sy pa se dood: Hy kan nie verstaan hoekom sy pa selfmoord gepleeg het nie.
   Sy studies: Hy presteer swak en die werkslading is te veel.
   Sy broer: Hy is irriterend en kan luilekker by die huis sit.
   Sy ma: Sy praat baie negatief oor sy pa.
   Nagmerries: Hy kry nagmerries van slange wat hom verwurg.
   Sy meisie: Sy is te "klouerig".
4. Hulle kon ure lank oor die foon gesels./As hy kom kuier het, was dit "anders".
5. Dit is die seun se direkte gedagtes en gee die leser 'n meer intieme kykie in sy lewe.
6. Ja. Sy broer vertel vir hom van sy pa se kanker en bring hom dus tot nuwe insigte.
7. Daar is baie Engelse woorde soos Life in die verhaal, maar dit pas by die tipiese taalgebruik van 'n tiener.
8. Leerders se eie gemotiveerde respons.
9. Leerders se eie gemotiveerde respons.
10. Leerders se eie gemotiveerde respons.



Piekfyn_HT_Gr9_OG_BOEK.indb 375 5/27/13 9:27 AM

opbouend is nie al probeer die spelers hoe hard. Daarom sê die Haka in die spelers se harte "hou daai mond van ons af".

7. Versreëls 8–11, 16–19, 24–27. Dit verskyn in kursiewe druk. Dit is identiese woorde, met uitsondering van die woorde "hande"/"monde", taf/flou/kaf.
8. Ja, dit is dieselfde want in versreël 7 word dit as hulle Haka verduidelik, gevolg deur 'n dubbelpunt.
9. Leerders se individuele antwoorde.

**Kô lat ons sing [p. 123]**
**Moontlike antwoorde**

1. In versreëls 1–10 spreek hy die gemeente toe, hy lees uit die Bybel en hy begin bid.
2. Hy is nederig want hy bely dat hy net soos Moses in sy vermoëns as leier twyfel.
3. Strofes 1, 2 en 3, en in versreëls 6, 7 en 8 noem hy die presiese teksvers.
4. Lees hierdie gedeelte in die Bybel en skryf een sin elk oor die volgende ooreenkomste/verskille tussen Moses en hierdie straatprediker:
   a) Spraak: Hy is, soos Moses, ook nie seker hy sal goed praat nie. Moses was 'n hakkelaar.
   b) Leiding: Hy en Moses weet nie of die mense hulle sal toelaat om hulle te lei nie.
   c) Staf: Moses het 'n tasbare bewys gehad – sy staf, wat 'n slang geword het – dat God hom na die mense toe stuur om hulle te lei en die straatprediker het sy kitaar as tasbare bewys.
   d) Wonderwerke: Die staf wat 'n slang word, is 'n wonderwerk. Die straatprediker verrig ook 'n soort wonderwerk want al kan hy nie goed praat nie, kan hy kitaar speel en die mense laat sing.
5. Versreël 10. Bruin mense was onderdruk tydens apartheid en die bundel waaruit hierdie gedig kom, het in 1973 verskyn. Dit sou 'n toespeling kon wees op hulle onderdrukking al sê die gedig dit nie direk nie.
6. Ja, hy probeer opreg om die Evangelie te verkondig en hy bely sy geloof in God.

**Lya Konnokos [p. 127]**
**Moontlike antwoorde**

1. Sy leef nie meer nie. In versreël 40 en 41 lees ons sy het gesterf.
2. Enige twee van die volgende: kakiebos, biesies, riet.
3. In versreël 22 lees ons die dans hou aan tot hoenderkraai. "Hoenderkraai" verwys na dagbreek.
4. Dit verskyn in aanhalingstekens en daarin sê Lya haar pa wou nooit hê sy moet dans nie maar hy is nou dood.
5. Verdeel versreëls in lettergrepe:
   My/ pa/ wou/ nooit/ ge/had/ het/
   dat/ ek/ die/ riel/ moes/ dans/
   maar/ nou/ maar/ nou /
   maar /nou/ is/ hy/ mos/ dood/
   Dit is ideaal om te sing omdat daar hoofsaaklik 'n tweeslagmaat in elke versreël is.
6. Lya is besig om te dans
7. Nee, die atmosfeer is nie angstig nie, dit bevat nie herhalende vrae nie, daar is nie konflik tussen 'n bose en 'n goeie karakter nie, en alhoewel dit ritmies is, is dit nie genoeg om daarvan 'n ballade te maak nie.



Piekfyn_HT_Gr9_OG_BOEK.indb 379 5/27/13 9:27 AM

5. In sprokies blaas drake rook uit. Prehistoriese diere word soms voorgestel met rook uit die neusgate maar dit is waarskynlik 'n vergissing met drake in sprokies.
6. Swane en drake wat rook blaas speel dikwels 'n rol in volksverhale en sprokies, byvoorbeeld in "Die lelike eendjie" en 'n draak in "Ganekwane en die groen draak".
7. Teerstrate.
8 Enige van die volgende versreëls 4 (stadsligte), 3 (die maan se glans word deur stadsligte verdonker), 12 (strate in 'n stad), 13 (parkeerkelders in groot geboue), 14 (hysbakke in 'n stad), 20 (sementpaadjies in stede).
9. Dit is 'n nabootsing van die feit dat die ouers altyd ná nog iets by die kinders sal wees en die later word altyd net weer later. Die vyfuur, wanneer die ouers van hulle werk af kom, word dus nie van "ná" geskei nie, die ouers sal altyd ná iets by hulle kinders kan wees.

**Eksamenlokaal [p. 136]**
**Moontlike antwoorde**

1. Dit verwys na die onderwyseres wat toesig hou in die eksamenlokaal.
2. Dit is die leerders se hande wat bewe want hulle is senuweeagtig terwyl hulle eksamen skryf.
3. Die leerders se kennis word nie in 'n persoonlike gesprek oorgedra nie. Dit word onpersoonlik op 'n eksamenboek oorgedra. Omdat dit nie gewysig kan word nie, is dit net wat dit is: blou skrif op wit papier en die leerders kan nie in 'n gesprek 'n verduideliking daarvoor aanbied nie; dit is finaal.
4. Dit dra by tot die onpersoonlike atmosfeer waarin mense nie gemoedelik met mekaar kommunikeer nie maar in 'n formele situasie bloot as leerders en leerkrag byeen is om kennis te toets. As versreël 1 byvoorbeeld gelui het "Juffrou Louw se skoene klik hard op die houtvloer" sou dit dadelik meer persoonlik gewees het maar nou is dit net "haar".
5. Skoene wat "hard klik" en "kraak die blaai van 'n blad".
6. Die onderwyseres se skoene maak harde klikgeluide op die vloerplanke en die leerders sit sonder om 'n geluid te maak.
7. Die banke word gepersonifieer omdat dit die menslike eienskap "tjoepstil" kry.
8. Die onderwyseres neem nie die vraestelle in nie maar oes dit soos iemand wat plantprodukte van die land af gaan haal.
9. Dit skep afwagting, hier moet iets belangriks volg, naamlik dit wat die leerders gistermiddag kon bestudeer.

**'n Doppie op malmesbury [p. 138]**
**Moontlike antwoorde**

1. Die seun spreek sy pa aan want hy noem hom "Pa".
2. Die plaaseienaar spreek die pa op sy naam, Jakop, aan want hy spreek hom bevelend en selfs vernederend aan en sê vir hom hy moet só onderdruk word want hy is deel van die feodale sisteem.
3. Jakop. Ons lees dit in versreël 7.
4. In die feodale stelsel besit een ryk man, 'n "baas", die grond. Iemand wat daarop werk, "leen" dit sogenaamd, en kan nooit eienaarskap verkry nie al woon en werk hulle hoe lank al daar.
5. Dit is toepaslik want hierdie manier van grond leen, dateer uit die Middeleeue toe nie almal grond kon koop nie en die grond in 'n paar baie ryk mense se hande was.



Piekfyn_HT_Gr9_OG_BOEK.indb 381 5/27/13 9:27 AM

6. Drie keer: by ontbyt, middagete en saans.
7. Dit beteken om dronk te wees: "gekoring b.nw. Dronk; hoenderkop; aangeklam" (Woordeboek van die Afrikaanse Taal). Maar dit kan ook uit die gedig afgelei word want iemand wat drie keer per dag alkohol gebruik, sal beslis dronk word daarvan.
8. Dit is nie goed nie, dit is juis baie sleg want Jakop raak verslaaf aan die alkohol en sodoende raak hy ook vir altyd afhanklik van die plaaseienaar. 'n Dronk mens kan ook nie behoorlik werk nie en dit is dus die plaaseienaar se eie skuld dat Jakop nie sy werk goed kan doen nie; tog slaan hy Jakop daaroor.
9. Die lang strofes gaan oor die onderdrukking. Die kort, derde strofe is 'n gebed wat genade vra, 'n werk sonder drank, en die genade is die minste in hierdie gedig.

**Palimpses [p. 141]**
**Moontlike antwoorde**

1. Die "blou" verwys na die lug want die bome is hoog en staan teen die lug afgeëts.
2. "Byle" (versreël 4).
3. In strofe 1 word die bome afgekap, gesaag en deur 'n saagmeule gestoot. In strofe 2 is hierdie hout gebruik om papier te vervaardig en die digter gebruik dit om die bome simbolies te laat herleef wanneer hy daarop skryf en sy woorde soos boomringe laat uitkring deur die oggend.
4. Die digter. Ons weet dit omdat hy by sy tikmasjien sit en skryf.
5. Mense gebruik nie meer tikmasjiene om te skryf nie maar rekenaars.
6. Die bome "skryf" enigiets wat daarop neerkom dat ons nie bome moet uitroei nie.
7. Boomringe. Die digter se woorde kring uit soos boomringe omdat daar in die papier onder andere boomringe verpulp is.
8. Vier sinne oor enige van die volgende drie betekenisse: "Gamma" is die derde letter in die Griekse alfabet. Die digter gebruik hierdie en ander letters om te skryf. "Gamma" is ook 'n toonleer of musiekskrif. Die digter se woorde dra ver ("ring op ring / deur hierdie oggend laat dein"), soos musiek. "Gamma" is ook "elektromagnetiese strale (fotone) afgegee vanaf kerne deur radioaktiewe stowwe, gewoonlik met korter golflengtes as röntgenstrale" (Woordeboek vir Gesondheidswetenskappe). Strale dein ook uit soos die digter se woorde.
9. 'n Palimpses is 'n "perkamentrol wat weer beskryf word nadat die oorspronklike skrif (gedeeltelik) afgekrap is" (Verklarende Afrikaanse Woordeboek). Die digter herskep as 't ware die bome se woorde deur sy gedig op papier, 'n produk van die bome. Vroeër het die bome ook geskryf (versreël 1), nou skryf die digter op die produk van bome en hy vertel onder andere dat die bome ook geskryf het.
10. Die bome is afgekap en kan nie meer woorde skryf nie.

**Hanswors [p. 144]**
**Moontlike antwoorde**

1. Dit is hoe sommige mense daarna verwys en hy gebruik juis dié woord om die hanswors se vernedering te beklemtoon. Gedigte is juis nie "korrek" nie omdat dit die ongelukkige saak wat uitgebeeld word so duidelik en kras as moontlik wil oordra.



Piekfyn_HT_Gr9_OG_BOEK.indb 382 5/27/13 9:27 AM

2. "sy vergroeide ruggraatpyn".
3. Die mense wat so lelik oor hom praat. Sy baas beskou hom net as 'n bate omdat hy nog die mense kan laat lag.
4. Van sy ma.
5. Iemand wat hom nie ken nie en vermoed dit is 'n meisie wat aan hom skryf, 'n meisie wat "tog" vir hom omgee. Mense dink nie iemand sal belangstel in 'n persoon wat fisiek vervorm is nie.
6. Hy drink te veel alkohol. Dit is nie 'n goeie manier om pyn te verwerk nie. Alkohol maak mens siek. Jy tree belaglik op wanneer jy dronk is.
7. aabb / ccdd / efef/ gghhiijjkk/ lmlm
8. Hy het gehuil en was dus deur trane verblind.
9. Leerderrespons.

**die dag op nuweland [p. 148]**
**Moontlike antwoorde**

1. Die gedig satiriseer mense wat rugbymal is want hulle word belaglik voorgestel.
2. "soos gestreepte haaie rondduik", "hap", "gryp", "bloederig", "bloed", "stukkende held".
3. Nee, sy is nie 'n ware rugbyondersteuner nie want sy kyk nie na die spel nie, sy sit en brei.
4. Nee, sy is nie 'n toegewyde rugbyondersteuner nie want sy satiriseer die spel en die toeskouers, vir haar is dit eintlik belaglik.
5. Heelwat versreëls is ingekeep. Al die versreëls is egter nie ewe diep ingekeep nie. Al die ingekeepte versreëls skep 'n onrustige atmosfeer. Dit is ook die atmosfeer op die rugbyveld en die stadion.
6. Dit boots die toeskouers wat op en af spring se bewegings na. Dit boots ook die spelers se bewegings na. Die toeskouers wip en spring en hulle kake beweeg heen en weer soos hulle kou. Die spelers duik en val. Die ingekeepte versreëls skep 'n onrustige atmosfeer, wat ook die atmosfeer op en rondom die rugbyveld naboots.
7. Dit spreek van die onrustigheid, van die rondspringery, waarin daar nie orde is nie want rym bring orde.
8. 'n Antiklimaks. Wanneer sy na "ons" verwys, voel sy nog deel van die opgewonde toeskouers. Gaandeweg word dit egter vir haar belaglik en in die laaste versreël voel sy nie meer deel van hulle nie.
9. Ja, dit is geslaagd want die spreker doen haar bes om ook entoesiasties te raak maar toon toenemend aan dat dit belaglik is om so opgewonde te raak.

**Advice from above [p. 151]**
**Moontlike antwoord**

1. Dit reën so aanhoudend dat die water die huise in stroom. By die voordeur het die water al so opgedam dat dit wilsand word. Die pad is al so vol water dat dit soos 'n vlei lyk. Iemand wat deur die vlei wou stap, het verdrink. Maar die stadsraad kom help nie. Hulle enigste advies aan die mense is dat hulle na 'n hoër gebied moet beweeg, want nie moontlik is nie want hulle huise staan waar dit staan.
2. Ja, dit spot met die stadsraad wat nie die buurt behoorlik onderhou deur dit teen water te beveilig nie en vir die inwoners die onsinnige advies gee dat hulle na 'n hoër gebied toe moet gaan.



Piekfyn_HT_Gr9_OG_BOEK.indb 383 5/27/13 9:27 AM

8. Nee. Daar is paarrym by die laaste gedeelte. Die eerste gedeelte het nie rym nie. Rym is herhalende klank wat ritme bevorder en die dans wat hierdie mense uitvoer, is ook ritmies. Origens is dit paarrym en mense dans in pare.
9. Aanvanklik is dit 'n deurmekaar dansery maar dan word dit duidelik dat die ander dansers nie meer energie het nie. Soos die rympatroon dan orde kry, word dit ook die reël dat Lya aanhou dans tot aan die einde. "op 'n hoop" en "allenig staan".

**(windroos) [p. 131]**
**Moontlike antwoorde**

1. 'n Kompas.
2. Hakies dui aan die woorde daartussen is iets wat nie inpas in die sinskonstruksie of nie direk met die res van die sin verband hou nie. Die titel tussen hakies is 'n aanduiding dat dit nie met die werklikheid verband hou of daarby inpas nie want dit is net 'n verbeelde reis.
3. Blomme is ook 'n simbool van liefde, lente, herinneringe. Palmbome, wat mens laat dink aan 'n idilliese strand.
4. Dit beklemtoon die eenvoud van die spreker wat meen sy droom en verlange huis toe (die vaderland) is genoeg om die reis mee aan te pak: "vandag nog in waarheid en op staande voet / "vaar ons uit"). Dit sluit ook aan by die eenvoudige en romantiese dinge (pyp, brood, water, blomme, palmbome) wat hy vir 'n seereis saamneem, asof dit genoeg sal wees vir so 'n lang reis. Soos leestekens en hoofletters nie die gedig belemmer nie, laat die spreker ook nie toe dat die werklikheid en praktiese probleme die reis belemmer nie.
5. Enige twee van die volgende: "vandag nie 'n dag later nie", "o vandag nog", "op die daad", "op staande voet".
6. Nee, dit verwys ook na die vrees dat hierdie verbeelde reis nie werklikheid sal word nie. Die spreker se planne vir die reis is as 't ware nie waterdig, geloofwaardig nie.
7. Dit is 'n ou boot. Moderne bote het nie seile en wind of pik aan die dekplanke nodig nie.
8. Dit beklemtoon hierdie woorde en dit demonstreer wat is die belangrikste ding waaraan die spreker nou kan dink: Hy wil huis toe gaan.
9. Omdat dit die enigste leesteken is, is dit prominent. Die dubbelpunt staan ook vir afwagting, vir iets wat nou gaan volg. Die spreker wil seker maak sy hoop om huis toe te gaan word nie verydel nie, daarom verlaat hy hom op hierdie dubbelpunt wat beteken iets móét volg, en dit moet huis wees.

**Hansie en Grietjie [p. 133]**
**Moontlike antwoorde**

1. Die kinders word afgelaai by die heks se huisie (versreël 6), hulle huil (versreël 7), hulle het stiefouers (versreël 9), hulle word in 'n hok gesit en gevoer (versreël 15), hulle klim oor die tralies (versreël 18), hulle is ver van die huis af (versreël 21).
2. Enige moderne motorhandelsnaam (Mercedes, BMW, Nissan, Ford, en ander).
3. Nee, hulle is nie werklik stiefouers nie maar hulle tree op soos stiefouers omdat hulle die kinders nie goed versorg nie. Dit is 'n algemene opvatting dat stiefouers nie goed is vir hulle stiefkinders nie maar dit nie is nie altyd die geval nie.
4. Die heks se huisie is simbool van die sorgsentrums (dagmoeders se huise, naskoolsentrums, skole) waar werkende ouers hulle kinders bedags aflaai.



Piekfyn_HT_Gr9_OG_BOEK.indb 380 5/27/13 9:27 AM

3. Dit is Kaapse Afrikaans want baie woorde kom uit Engels maar word volgens die Afrikaanse uitspraak gespel. Hierdie en ander foneties gespelde woorde in die gedig klink soos baie mense in die Kaap praat.
4. Hy is wel moedeloos maar hy spot ook met die situasie want hy maak 'n grap van almal se penarie.
5. Dit is net spottende oordrywing want die spreker spot op gemoedelike wyse in die hele gedig. Die gedig se toonaard is nie oneerbiedigheid teenoor ander se leed nie.
6. "Quicksand" is wilsand of welsand of kwiksand. Dit is sand waarin mens maklik vasval. En in sulke deurdrenkte grond sal mens inderdaad kan vasval.
7. "Higher ground" het ook 'n figuurlike betekenis, naamlik "hoë morele grond", bedoelende iemand is verhewe bo ander. Dit is egter die stadsraad wat dink hulle is verhewe bo die mense wat swaarkry in die reën want hulle doen niks daaraan nie, stuur net nuttelose advies.
8. Die stadsraad vat 'n "shortcut" om die probleem te oorkom want hulle stuur net nuttelose advies, nie hulp nie.
9. Leerder se eie gemotiveerde antwoord.

## Drama

Behandel die teorie oor dramas met die leerders. Verduidelik die verskillende kenmerke en elemente aan hulle.

**Oupa Rooijan kry 'n Girlfriend [p. 157]**
**Moontlike antwoorde**

1. Dit is humoristies.
2. Dit is in die moderne tyd, daarom is Essie se motor nou 'n veteraanmotor en praat sy gemengde taal.
3. Hansie kan nie 'n meisie kry nie en Rooijan dink hy het die ideale meisie vir hom. Essie wil met Rooijan gaan praat oor sy jonger meisie en sien dan in Hansie die geleentheid om haar planne suksesvol uit te voer. Hansie vry vir Pippa af en moet dan die nuus aan sy oupa oordra.
4. Die huis en werf is nie meer soos Essie dit gelos het nie. Dit skep 'n probleem./ In elke kamer is daar 'n kaal skildery van Rooijan wat maak dat Essie nie weet waar om te slaap nie./Pippa se hand word beseer en hulle kry die bloeding nie gestop nie./Essie se veteraanmotor word 'n wrak en Hansie moet die nuus aan Essie gaan oordra.
5. Essie sien die konstabel en stop sonder rede. Sy wil hom vertel hoe om sy werk reg te doen en die konstabel is nie beïndruk daarmee nie. Dan beveel hy dat Hansie moet bestuur.
6. Sy is hardkoppig, beterweterig, jaloers op Rooijan, uitsoekerig, bevooroordeeld, gesteld op haar besittings. (Enige drie moontlikhede)
7. Hansie weet nie wat om te doen as Essie voorstel dat hy Pippa moet afvry nie.
8. Hansie en Essie sit en vry in die motor en dan moet hulle uitspring voor die motor oor die afgrond rol.
9. Hulle twee gaan weer 'n verhouding begin.
10. Die titel kan na Pippa as Rooijan se meisie verwys, maar dit kan ook na Essie verwys, want dit lyk op die ou end is hulle twee weer saam.



Piekfyn_HT_Gr9_OG_BOEK.indb 384 5/27/13 9:27 AM

**Die werklike Buys Buys [p. 185]**
**Moontlike antwoorde**

1. Buys se woonstel en die maan.
2. Buys se virtuele werklikheid en die werklikheid van gewone mense soos Lina Pretorius.
3. Ontwikkelings op die maan is nie so gevorderd soos die ontwikelings in Buys se wêreld nie.
4. Martha kondig aan dat Buys 'n ete saam met sy bruid gaan hê.
5. Hy wil eers nie trou nie, maar later soek hy na die vrou met wie hy veronderstel is om te trou sodat hy haar wel sy bruid kan maak.
6. Martha doen alles en beheer alles, selfs sy lewe.
7. Haar oë, lippe, hande en manier van loop.
8. Sy gee net voor: sy wil hê Buys moet self begin moeite doen om Lina te vind. Sodoende sal hy ook uit die huis kom en met ander mense in aanraking kom. OF Sy weet regtig nie: Martha is 'n robot wat met inligting geprogrammeer is. Die inligting is dalk uit haar geheue geskrap omdat sy dit nie meer nodig het nie.
9. Buys vra vir Lina om met hom te trou aangesien hy haar werklik liefhet.
10. Buys se werk/professie is eintlik om binnenshuise werklikhede te skep. Die titel verwys ook na die ware mens, Buys Buys, wat 'n behoefte aan iemand anders het.
11. Kyk na leerders se respons en gebruik eie oordeel of hulle die uitdrukkings korrek gebruik het.
12. Leerders se respons.



Piekfyn_HT_Gr9_OG_BOEK.indb 385 5/27/13 9:27 AM